Fokus teks: Matteus 6: 5-8, 2022.
Liedere: Gesang 177 x 2; Gesang 200: 1-3; Gesang 247 x 2; Gesang 268 x 3.

---

## AANKONDIGINGS:

- Ons dink hierdie week met groot dankbaarheid aan die lidmate van ons gemeente wat 'n nuwe lewensjaar vier. Baie geluk aan Neels White wat vandag 23 Augustus verjaar, asook aan oom Gerhard Engelbrecht wat op Donderdag 27 Augustus die geseënde ouderdom van 81 jaar bereik. Mag die Here julle albei ryklik seën. Baie geluk van die hele gemeente!
- Ons pastorie-moeder vir die afgelope 18 jaar, Elizabeth, vier binnekort haar 60ste verjaarsdag! Die hele gemeente word hartlik genooi om hierdie baie spesiale mylpaal saam met haar te kom vier op Sondag, 6 September. Die verrigtinge sal direk na die erediens in die Kerksaal plaasvind. Om die samesyn ekstra gesellig te maak, word elkeen vriendelik versoek om asseblief 'n bordjie eetgoed, hetsy soet of sout, saam te bring. Kom ons wys saam ons liefde en dankbaarheid vir haar jare se getroue diens en kom deel in hierdie mooi feesdag.

---

- Ons hartlike dank aan elkeen wat die Tops & Tags-projek so getrou ondersteun! Ons is geweldig opgewonde om aan te kondig dat hierdie wonderlike projek intussen nóg twee rystoele opgelewer het. Een ekstra rolstoel is moontlik gemaak deur 'n verdere 450kg se proppies wat ons saam ingesamel het, en die tweede rolstoel is geskenk deur 'n vriend van die gemeente wat van ons projek op sosiale media gelees het.
- Ons herinner die gemeente graag aan die wonderlike Bybel-Genees-projek, waar elke klein bydrae en R5-stuk saamwerk om God se Woord in mense se hande te plaas. Met groot dankbaarheid kan ons aankondig dat ons gemeente reeds 'n pragtige bedrag van R6451,81 vir 2026 bygedra het! Hierdie spesiale totaal sluit die R2000 in wat tydens Bybelsondag ingesamel is, asook ander ruim fondse wat ons saam as gemeente bymekaar gemaak het om die Bybel in Suid-Afrika en reg oor die wêreld te help versprei.

## LIEF & LEED:

- Elna Marais se man (Sarel Marais) is hierdie week in die Busamed hospitaal in Modderfontein oorlede. Verlies is moeilik en ons as gemeente gun die familie en vriende hierdie tyd om te rou. Weet ons is daar as julle ons mag nodig kry. Sarel se gedenkdiens is op Woensdag 26 Augustus om 11:00 in die SDA Kerk Rietfonteinstraat.
- Hannie White het vir die gemeente ‘n boodskap gestuur: Goeie môre almal. Ek het 'n lieflike nagrus gehad ... 1ste keer in 3 nagte. Het van niks om my geweet nie tot hulle my wakker gemaak het. Ek kon vanoggend blueberries met plaatkoekies eet, maar natuurlik moes daar nou weer nie room in voorraad wees nie. Dit is vir my baie belangrik want dit is deel van my bietjie proteïene wat ek kan inkry. Hulle sal sorg dat daar is more. Nie veel wat ek kan eet nie, met hierdie smaak aantasting. Lekker op my eie gestort vandag. My energie tel meer en meer op. Dr wil die sewe dae kursus voltooi vir die infeksie. Hulle sal weer môre oggend bloed trek. Hopelik is dit daar waar sy dit wil hê, dan kan ek huis toe gaan.

- Pieter Willemse het al die gloeilampe in die kategeseklasse vir ons vervang, al die ligte in die kerk wat nie gewerk nie en twee stoep ligte buite herstel en vervang. Ons is baie-baie dankbaar.

## KLOK:

Hoor hoe die kerkklok lui om ons te roep tot stilte en aanbidding voor die Here.

## TOETREDE: Gesang 177 x 2 ~ Jesus, gróót bo almal

## VOTUM:

Al u verordeninge staan ook vas. U bly, U, wat van altyd af daar was. En heiligheid versier u huis, o Heer, u, wat in ewigheid sal bly regeer.

## SEËN:

Genade en vrede word aan ons geskenk van Hom wat is, en Hom wat was, en Hom wat op pad is. En van die sewe geeste wat voor sy troon in die hemel aanwesig is. En van Jesus Christus. Hy is die Getuie wat betroubaar is in alles wat Hy doen en sê. Hy is die grootste en belangrikste van almal wat uit die dood opgestaan het. Hy regeer oor al die koninkryke van die aarde. Hy het ons onvoorwaardelik lief. Hy het ons losgekoop uit die greep van ons sonde. Deur sy eie bloed het hy die prys betaal. Hy het ons burgers van sy koninkryk gemaak. Hy het ons priesters gemaak wat in diens is van sy God en Vader. Aan Hom behoort al die heerlikheid en krag tot in die verste ewigheid. Amen.

## LOFSANG: Gesang 200: 1-3 ~ U goedheid, Heer, kan ons nie peil nie.

## WET & BELYDENIS: Almal sal besef dat julle my dissipels is as julle mekaar liefhet.

Dit is maklik om iets te sê, maar baie moeiliker om dit te doen. Ons kan maklik sê dat ons glo. Ons kan maklik praat oor liefde, genade, vergifnis en omgee vir ander. Ons kan selfs baie mooi woorde oor Jesus gebruik. Maar die vraag is: Hoe lyk dit wanneer ons geloof en ons woorde in ons alledaagse lewe sigbaar word?

Die Here Jesus wys ons in Johannes 13 dat ware geloof nie bloot in woorde bestaan nie. Nadat Hy die voete van sy dissipels gewas het, gee Hy aan hulle ’n nuwe gebod: *om mekaar lief te hê*. Jesus sê: “*As julle mekaar liefhet, sal almal weet dat julle dissipels van My is*.” (Johannes 13:35). Dit is ’n eenvoudige woord, maar dit vra van ons iets baie moeilik: om liefde nie net te verkondig nie, maar dit te leef.

---

Daarom vra die wil van God vandag van ons meer as mooi woorde. God roep ons om mense lief te hê wanneer dit moeilik is; om te vergewe wanneer ons seergekry het; om ander in te sluit wanneer dit makliker is om ons eie groepie te kies; om diensbaar te wees wanneer niemand daarvoor dankie sê nie.

Die Here vra nie dat ons net moet praat oor liefde nie. Hy vra dat ons liefde doen. Want uiteindelik sal mense nie net aan ons woorde weet dat ons aan Christus behoort nie, maar aan die manier waarop ons leef. "*As julle mekaar liefhet, sal almal weet dat julle dissipels van My is.*"

## GELOOFSBELYDENIS: Gesang 247 x 2 ~ Heer, wees ons genadig

## PREEK:

Vandag is ons tweede preek in die nuwe reeks oor GEBED. Die eerste preek was op Sondag 2 Augustus. Die tema was: *Here, leer ons asseblief bid*. Op daardie dag het ek verwys na 'n gesprek tussen my en Stephan

Joubert, wat afgesluit het met die woorde: *gebed is tough*. AS ek daardie hele preek moes opsom in een sin: *Gebed gaan in die eerste plek oor die wil van God – Laat U wil geskied*.

Vandag gaan ons versigtig verder op hierdie reis om meer en meer van gebed te leer. Dit bly moeilik om met gesag oor gebed te praat, want as mens stoei ons almal met gebed. Hoe bid jy nou reg? En Wat is verkeerd? Ek dink nie ‘n mens kan hierdie vrae sommer net kant en klaar beantwoord nie. Daarom gaan ek ook nie nou begin om dit te doen nie, ek gaan eerder ‘n paar gedagtes op die tafel sit dan kan ons saam hieroor dink, praat en doen.

Kom ons sit ‘n tweede gedagte op die tafel: *gebed is om bewustelik in die teenwoordigheid van God te kom, daarom moet ons versigtig wees*.

Wanneer ons bid, praat ons nie bloot met onsself, met ons eie gedagtes of met ’n onpersoonlike mag êrens ver van ons af nie. Ons tree in die teenwoordigheid van die

lewende God – die God wat ons gemaak het, wat ons ken, wat ons liefhet en wat in Christus naby aan ons gekom het. Daarom behoort gebed altyd iets van eerbied en verwondering te hê.

Daarom moet ons versigtig wees met hoe ons bid. Nie versigtig omdat God 'n God is wat wag om ons te straf wanneer ons die verkeerde woorde gebruik nie, maar omdat gebed ons herinner aan Wie God is en wie óns voor Hom is. Jesus waarsku in Matteus 6:7 teen baie woorde. Gebed is nie 'n manier om God na ons wil te manipuleer nie; dit is 'n beweging waarin ons ons harte voor Hom oopmaak en leer om ook na Hom te luister. Wanneer ons bid, plaas ons onsself voor God se wil en nie God voor óns wil nie.

Gebed is om stil te word, bewus te word van Sy teenwoordigheid en onsself weer voor Hom te plaas. Wanneer ons só bid, verander gebed nie noodwendig onmiddellik ons omstandighede nie; maar dit begin om ons te verander.

---

In Genesis 28: 16 lees ons iets hiervan as Jakob in gebed met die Here stoei en dan hierdie woorde sê: *Die Here is op hierdie plek, en ek het dit nie besef nie*.

Ek wonder oor myself, as ek bid, besef ek werklik dat die Here op hierdie plek is. Ja, ek weet God is oral. MAAR met gebed tree ek en jy intensioneel (doelbewus) in die heilige teenwoordigheid van God in. Dit herinner my aan Moses daar in Eksodus 3. Die verhaal toe God Moses geroep het, daar by die brandende doringbos – die een wat nie uitgebrand het nie. Die heilige grond en uit respek vir God se teenwoordigheid moes Moses sy sandale uittrek. In Openbaring 4 en 5 haal die 24 ouderlinge, wat die kerk verteenwoordig, hulle krone van hulle koppe af as hulle tot hom bid. Dit is uit respek!

RESPEK. Kom ons staan bietjie hierby stil, want na my mening is dit iets waarmee ons samelewing sukkel. Soms voel dit vir my of die samelewing geen respek vir niks meer het nie. Volgens die Handwoordeboek van die

Afrikaanse Taal (HAT), word die woord respek verklaar as agting, eerbied of ontsag wat jy vir iemand of iets het.

Respek in ons gebedshouding voor God beteken dat ons met diepe eerbied, nederigheid en die besef van Sy grootheid intensioneel in sy teenwoordigheid kom. Dit gaan nie net oor hoe ons sit of staan nie, maar veral oor die ingesteldheid van ons hart. Wanneer ons bid, praat ons met die Skepper van die heelal, en respek bepaal hoe ons daardie gebed aanpak.

Ek en jy word vanmore wakker geskud met die woord RESPEK in ons gedagtes. Ons moet vir ‘n slag weer mooi gaan dink oor RESPEK en wat dit beteken vir my gebed.

Kom ons maak ons Bybels oop by Matteus 6, daar waar Jesus met sy dissipels oor gebed praat en ons lees saam vanaf vers 5:

> 5 *“Moenie ’n tweegesig wees as jy bid nie! Die tweegesigte hou tog so baie daarvan om in die sinagoges waar almal bymekaar kom om God te*

---

*dien of op die straathoeke te gaan staan en bid. Daar kan almal dan sien hoe vroom hulle is. Luister na My: Hulle sal niks ekstra van God kry nie, want die eer wat hulle so van mense gesoek het, is genoeg.*

*6 As jy egter met God wil praat, gaan na 'n stil kamer toe en maak die deur toe. Praat dan daar, waar niemand jou sien nie, met jou Vader. Jou Vader, wat alles sien, ook daar waar jy alleen is, sal jou daarvoor eer.*

*7 Terwyl julle bid, moet julle nie dieselfde dinge oor en oor sê soos wat mense maak wat in ander gode glo nie. Hulle dink as hulle aanhoudend en baie praat as hulle bid, sal hulle gode beter na hulle luister.*
*8 Moet asseblief nie soos hulle wees of soos hulle maak nie. Weet julle waarom? Julle Vader weet al wat julle nodig het nog voor julle dit vra."*

Hier, leer Jesus, vir sy dissipels baie waardevolle lesse oor gebed. Dit alles voordat Hy vir hulle die kort en kragtige Onse Vader gebed leer. In die Bybel word daar

twee plekke oor die lengte van gebed gepraat, hier en in Prediker, en al twee die kere word spesifiek gesê KORT. Kort, want God is heilig. Kort, want God weet wat ons nodig het. Kort, want God vra dat ons nie net moet praat nie, maar dat ons lewe moet oorgaan in ‘n lewende gebed van dade.

Ek wil afsluit met ‘n vertroostende gedagte: daar word in die hemel vir my, jou, die kerk, die aarde gebid. Deur wie? Deur die Heilige Gees en Jesus Christus. Hoekom? Paulus sê in Romeine 8, want God weet die skepping kry swaar ... God weet die mens kry swaar. Hy hoor ons sug.

In Romeine 8 deel Paulus dat die Gees van God in die hemel namens my en vir my bid. Jesus bid vir my en namens my en word my parakleet, tree namens my by die Vader in vir my sonde. Ons ware Trooster (die Heilige Gees) wat vir ons bid en ons ware Verlosser (Jesus) wat vir ons bid.

Al wat nou oorbly is dat ons bloot bid: *Here, leer ons asseblief bid.*

Amen.

## FORMULIER VIR DIE DOOP:

Ons versoek Jean-Jacques & Elani le Roux om nou na vore te kom en hier in die teenwoordigheid van God en die gemeente, eerlik op drie vrae te kom antwoord. Wanneer julle JA antwoord word dit drie geloftes aan God.

Die doop roep ons op om God lief te hê. Dit is belangrik dat gelowiges die betekenis van hulle doop sal uitleef. Ouers en die gemeente moet daarom hulle kinders leer wat die doop beteken. Ons kinders behoort in die lewe van die gemeenskap van gelowiges te ervaar wat dit beteken om aan God te behoort.

1. Glo julle dat ons en ons kinders ondanks ons sonde deur God in genade aangeneem is?

---

2. Glo julle dat die evangelie alles bekend maak wat nodig is vir ons verlossing, soos belig in ons belydenis?
3. Belowe julle om julle kind te leer wat die doop beteken en te laat grootword in die geloofsgemeenskap van Christus?

Wat is hierop u antwoord?

Noah Tomas le Roux, ons doop jou in die Naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees. Amen.

## DANKGEBED NA DIE DOOP:

Dankie, Here, dat ons as gemeente by hierdie geleentheid daarvan oortuig kan wees dat:

U as Vader ons liefhet;

U Seun ons red;

U Gees in ons harte woon.

Dankie, Here, dat ons opgeneem is in u verbond.

Dankie dat u ons kinders aangeneem het.

Dankie dat ons deel kan wees van 'n geloofsgemeenskap wat aan ons 'n geestelike tuiste bied.

---

Dankie dat ons u evangelie kan hoor en gemeenskap met U en met mekaar uitleef.

Neem tog ons lof en aanbidding aan.

Here, lei ons om altyd die warmte van u nabyheid te ervaar en altyd tot u eer te lewe.

Inspireer ons om altyd na ander uit te reik.

Vader, gee dat ons die betekenis van ons doop ons eie sal maak.

Jesus, Here, gee dat ons lewe van u verlossende teenwoordigheid sal getuig.

Heilige Gees, vervul ons sodat ander in ons lewe kan sien dat U ons lei en troos.

Ons bid vir die doopouers en die gemeenskap van gelowiges. Gee aan ons die krag en geleenthede om ons voorneme getrou na te kom.

Ons bid dat ons tuis sal wees in die geloofsgemeenskap van Jesus Christus, die Here.

Amen

## SEËN: Gesang 268 x 3